


Die moeisame weg



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 7:14-16, hfst. 7:17-25, hfst. 8:1-10, hfst. 8:11-15 en hfst. 8:16-22.

Geheueteks:

“Ek vertrou op die Here wat Hom vir die nageslag van Jakob verberg, op Hóm hoop ek” (*Jesaja 8:17, NAB*).

“**I**n ’n brandende gebou in die voorstad van New York, Harlem, sit ’n blinde dogtertjie op die vierde verdieping. Die brandweermanne het nie geweet watter kant toe met die arme kind nie. Ongelukkig kon hulle nie die brandweerwa met die leer op tussen die geboue ingepas kry nie, en hulle kon ook nie die dogtertjie oorhaal om te spring tot op die spesiale brandweer-net nie. Sy was natuurlik bang omdat sy nie die net doer onder kon sien nie. “Uiteindelik kom haar pa daar aan. Oor die megafoon verduidelik hy vir haar dat daar ’n net is en dat sy op sy bevel moet spring. So spring die dogtertjie toe. Sy was so ontspanne dat sy nie ’n enkele been gebreek of selfs ’n spiertjie verrek het nie – en dit na ’n val vanuit die vierde verdieping. Sy het haar pa absoluut vertrou – hy het geweet wat die beste vir haar is en daarom het sy gemaak soos hy gesê het” (Michael P. Green [red.], *1500 Illustrations for Biblical Preaching*, bl. 135). Net so skenk die Here deurgaans kragtige bewyse aan die volk dat Hy hul beswil op die hart dra. Ongelukkig verwerp hulle telkens die sagte en koesterende wyse waarop Hy sy boodskap die eerste maal aan hulle bring. Met die soveelste herhaling van ’n betrokke boodskap praat die Here uiteindelik in die vorm van donderslae en rampe. Watter lesse kan die moderne gelowige uit die volk se foute leer?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Januarie.*

Vervulde profesie (*Jes. 7:14-16*)

In Jesaja 7:14-16 is die Immanuel-profesie ’n teken, spesiaal vir Agas en die dilemma waarin hy hom bevind het: voordat die Immanuel-kind oud genoeg sou wees om verskillende soorte kos van mekaar te onderskei, sou “die lande van die twee konings vir wie jy bang is, verwoes lê” (*Jes. 7:16, NAB*). Die konings in hierdie teksvers dui natuurlik op twee lande – Sirië en noordelike Israel, asook hul regeerders (*lees hfst. 7:1, 2, 4-9*). Hier word God se belofte herhaal, naamlik dat daardie twee moondhede se mag verbreek sou word.

Waarom praat Jesaja pertinent van “dikmelk en heuning” (NAB) wat die seun uiteindelik sou moes eet? *Jes. 7:15*.

Die Judeërs se landerye en oeste sou deur die Assiriërs vernietig word (*Jes. 7:23-25*). So die mense – insluitende die Ou-Testamentiese Immanuel (*wie hy ook al was, vgl. hfst. 7:14, 15*) – sou noodgedwonge na ’n nomadiese dieet moes terugkeer (*hfst. 7:21, 22*). Hoewel die volk arm sou wees, sou hulle genoeg hê om te kon oorleef.

Wanneer is die profesie m.b.t. Sirië en noordelike Israel vervul? *2 Kon. 15:29* en *30, hfst. 16:7-9*, asook *1 Kron. 5:6* en *26*.

Hierdie profesie is omstreeks 734 v.C. aan Jesaja gegee. In respons op Agas se omkoopgeskenk doen Tiglat-Pileser III toe presies wat ’n mens by hom te wagte is: hy vermorsel die noordelike koalisie, en verower Galilea en Transjordanie in noordelike Israel. Dele van die plaaslike bevolking is ook in ballingskap weggevoer, en Tiglat-Pileser het daardie gebiede tot Assiriese provinsies verklaar (*734-733 v.C.*). Die res van Israel is gered deur Hosea nadat hy koning Peka om die lewe gebring het. Daarna het hy sy land oorgegee en belasting aan Assirië betaal. In 733 en 732 v.C. het Tiglat-Pileser III die hoofstad van Sirië, Damaskus, verower, waarna dit Assiriese provinsies geword het. So teen 732 v.C. – m.a.w. bykans twee jaar na Jesaja se profesie – is die twee koninkryke geheel en al verslaan, eers Sirië toe Israel. Dit was neusie verby vir die twee konings wat Agas en sy onderdane bedreig het. Kort nadat Salmaneser V vir Tiglat-Pileser III as koning van Assirië opgevolg het – wat in 727 v.C. was – het koning Hosea van Israel sy eie koningskap kortgeknip deur die uiters roekelose besluit om teen die Assiriese Ryk in opstand te kom. Die Assiriërs het Israel se hoofstad, Samaria, in 722 v.C. ingeneem. Derduisende Israeliete is in ballingskap na Mesopotamië en Medië weggevoer waar hulle uiteindelik deel van die plaaslike bevolking geword het, totdat hulle hul eie identiteit totaal en al verloor het (*lees Jes. 7:8* – binne 65 jaar was die Efraimiete nie meer ’n identifiseerbare nasie nie). Dit is inderdaad die lot wat die Here vir Juda se vyande voorspel het. Die punt wat Hy egter by Agas wou tuisbring, is dat dit in elke geval sou gebeur en dat die koning nie nodig gehad het om op Assirië staat te maak nie.

Voorsiene gevolge (*Jes. 7:17-25*)

Lees die bogenoemde skrifgedeelte. Wat sê die Here hier, wat sou met die land gebeur? Hoekom is dit geensins verbasend nie?

“Die Here het oor en oor ’n beroep op die fouterende Israel gedoen om liewers terug te keer na Jehova en lojaal aan Hom te wees. Op ’n tederlike wyse het die profete by die mense gepleit. Voor die volk het hulle gestaan en met groot erns hul toehoorders tot bekering en hervorming vermaan; en hul woorde het ook vrug afgewerp, tot eer van die Here” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 325). Die goeie nuus vir Agas – wat vrees in plaas van geloof gekies het – was dat God vir Sirië en Israel sou verwoes. Die slegte nuus was egter dat die “bondgenoot” wat Agas as sy “vriend-in-nood” gekies het, uiteindelik ’n gevaarliker vyand as Sirië en Israel sou wees. So wat sê dit vir ons? Dat God vrylik aangebied het om die Judeërs te red, maar dat Agas dit van die hand gewys het; en dat die koning sodoende sy ondergang en ook dié van sy mense verseker het. Met die Sirië-Israel-bedreiging het Agas gemeen dat “die einde nou op hande is.” Hy het nie die vaagste benul gehad hoe skeef dinge later met die Assiriërs sou loop nie! “Dit is beter om by die Here te skuil as om op mense te vertrou” (*Ps. 118:9, OAB; let ook op die Engelse New Revised Standard Version*). Hoekom het Agas geglo dat Tiglat-Pileser III net met die lande noord van Juda tevrede sou wees, dat hy en sy mense met rus gelaat sou word? Uit Assiriese geskrifte, soos die dagboeke van hul konings, blyk dit duidelik hoe onversadigbaar die Assiriërs se magsug in werklikheid was.

Lees 2 Konings 16:10-18 en 2 Kronieke 28:20-25. Wat was besig om met Agas te gebeur? Watter geestelike beginsel ontvou in hierdie skrifgedeelte? Hoekom behoort sy optrede ’n mens nie te verbaas nie?

Tweede Kronieke 28:20-23 is ’n baie netjiese opsomming van die gevolge van Agas se besluit om hulp by Assirië te kry in plaas daarvan om op die Here te vertrou.

As mense is ons geneig om te vertrou op die dinge wat ons kan sien, voel, proe en aanraak – die stoflike dinge van hierdie ou wêreld. Soos ons egter weet, gaan alles uiteindelik tot niet. Let op 2 Korintiërs 4:18. Wat sê hierdie teksvers vir die gelowige? Hoe kan ’n mens die boodskap daarin op jou lewe toepas? En watter verskil gaan dit in praktyk maak?

Wat steek in 'n naam? (*Jes. 8:1-10*)

Stel jou dit voor – om krieket met Jesaja se tweede seun te speel. Teen die tyd dat jy “Gougou, *Maher-Shalal-Hash-Bas*, gooi die bal!” geskreeu het, is dit reeds te laat. Die Afrikaanse vertaling is ook nie veel korter nie: “Plunder-en-Roof-is-Naby.”

Die boodskap in hierdie seun se naam roep bepaalde beelde op, naamlik dié van 'n vinnig-bewegende mag wat blitsig verower. Die vraag is net: wie word verower en wie behaal die oorwinning? *Jes. 8:4*.

Jesaja 8:1-10 herbeklemtoon die boodskap in hoofstuk 7 – voordat 'n spesiale kindjie 'n bepaalde ontwikkelingsfase bereik het, sal buit vanuit die beleerde hoofstede van Sirië en noordelike Israel na Assirië geneem word. Juda se ontrouheid – wat hul rug op God se boodskap van versekering gedraai het – kom egter ook onder die loep. Hier word daardie versekering wat God sy volk bied, versinnebeeld deur die rustige gekabbel van die Siloamstroom wat deur Jerusalem loop; maar wat dan oorval word deur die magtige vloedwaters van die grote Eufraatrivier, wat natuurlik op die magtige Assiriese Ryk dui. Uiteindelik het Agas hom tot Assirië gewend. Dit het daartoe gelei dat Jesaja simboliese name vir sy seuns gekies het, name wat op beide Juda én noordelike Israel se rampspoedige lot gedui het. Die een was: “'n-Oorblyfsels-Sal-Terugkeer,” en die ander: “Plunder-en-Roof-is-Naby.” Dit laat 'n mens wonder: waar is die hoop in al dié verdoemende nuus? Tog was daar steeds hoop. Hoewel die Assiriërs uiteindelik die Immanuelsland sou oorval en beset (*Jes. 8:8*), het God se getroue kinders steeds die beloofde “God-met-ons” as vertroosting gehad (*Jes. 8:10*). Hier het ons natuurlik 'n soort leitmotiv, d.w.s. 'n tema wat herhalend in dié profetiese boek opduik. Dit is soos volg: God gaan wel sy oordele bring oor diegene wat Hom teëstaan – beide in Juda en in die ander nasies – en weliswaar in die vorm van 'n reeks nederlae teen invallende leërs, tye van swaarkry en ook ballingskap; maar ook dat die Here die oorlewendes sou bystaan wat aan Hom getrou gebly het, en dat Hy hulle uiteindelik na Juda en Israel sou terugbring.

Waarom sê Jesaja vir ons dat hy sy seuntjie se geboorte laat registreer het en ook dat hy omgang met sy vrou (“die profetes”) gehad het? *Jes. 8:1-3*.

Die tydsberekening is hier baie presies en stiptelik, inaggenome die groot simboliese waarde van hierdie seuntjie. Die strekking van dié profesie stem grootliks ooreen met dié van die Immanuel-kind: Die tydperk tussen die seuntjie se verwekking en geboorte tot en met die Assiriese oorwinning oor Sirië en Israel sal korter wees as wat dit sal neem vir daardie seuntjie om 'n bepaalde vroeëkinderonwikkelingsfase te bereik. In dié geval is dit om na pappa en mamma te roep (*Jes. 8:4*). Toe Jesaja sy seuntjie se naam geregistreer het – wat die profeet reeds voor die kleinding se geboorte gedoen het – het hy doelbewus van hom 'n lopende en pratende profesie gemaak, een wat deur die daaropvolgende gebeurte getoets sou word.

Niks om te vrees wanneer ons die Here Self aanbid en eer nie. (*Jes. 8:11-15*)

In sy intreetoespraak het die nuutverkose president van die VSA, Franklin D. Roosevelt, die volgende trooswoorde aan sy mense te midde van die Groot Depressie gegee: “Al wat ons behoort te vrees, is om vreesagtig te wees” (Amerikaanse Capitol-gebou, Washington D.C. [4 Maart 1933]). Jesaja se boodskap van hoop aan sy mense was: “Ons het niks om te vrees behalwe om Godvresend te wees nie.” God het Jesaja vermaan om nie dieselfde dinge as sy landgenote te vrees nie. Nee, hy moes die Here vrees en Hom alleen (*hfst. 8:12, 13*). Dit is ’n belangrike tema in die Skrif. Let byvoorbeeld op Openbaring 14:6-12 (*in die OAB*) wat die drie engele se boodskap aan die ganse mensdom is: vrees liever God en gee Hóm eer, en nie die dier en sy aardse mag nie (*wat in hoofstuk 13 beskryf word*).

Ons behoort die Here te “vrees.” Die vraag is net: wat beteken hierdie begrip? Hoe verstaan ’n mens dit, veral aangesien die gelowige ook aangesê word om God lief te hê (*Matt. 22:37*)?

Ware vrees vir die heiligheid van God beteken dat jy Hom as die enigste almagtige Opperwese in die heelal beskou. Of jy Hom nou liefhet of nie, dié soort vrees oorkom al die ander vrese. As Hy vir jou die almagtige Opperwese is, kan niemand jou aanraak sonder sy toestemming nie. As jy natuurlik teen Hom gerebelleer het en Hy derhalwe teen jou is, is daar ook geen wegkruipplek waar Hy jou nie kan vind nie!

Is hierdie vrees wat ons veronderstel is om vir God te hê, dan nie strydig met 1 Johannes 4:18 nie? “Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie” (*NAB*). Daar is verskillende soorte vrees. Gestel jy het ’n vriend wat oor bomenslike vermoëns beskik, een wie se mag geen einde ken nie. Tog het daardie persoon jou nietemin lief en jy het daardie vriend ook lief. Dan vrees jy nie daardie persoon omdat jy bang is om deur hom of haar seergemaak te word nie. Nee, die vrees wat jy het, is eerder ontsag – m.a.w. jy ken die mag waaroor daardie persoon beskik en respekteer dit, en besef dat die band tussen jou en daardie persoon inderdaad grense het.

As Christene behoort ons nie wêreldse dinge lief te hê nie, m.a.w. nie die dinge wat wêreldse mense liefhet nie (*1 Joh. 2:15*). Is dit dan nie, insgelyks, ook waar dat ons as Christene nie die dinge behoort te vrees wat wêreldlinge vrees nie? Indien wel, is die vraag net: wat is die dinge wat ons nie behoort te vrees nie, en hoekom behoort ons dit nie te vrees nie? Die vraag is egter ook: watter dinge behoort die Christen te vrees wat wêreldlinge nie vrees nie? Lees byv. *Matt. 10:28* en *Jer. 10:2, 3*.

Die donkerte van dié wat God misken en dooies raadpleeg (*Jes. 8:16-22*)

Lees die bogenoemde skrifgedeelte. Wat sê dit nou eintlik? Wat het dit met koning Agas te doen? Som die hoofpunte flussies op.

Agas was kniediep in die heidense godsdiens van sy tyd (2 Kon. 16:3, 4, 10-15; 2 Kron. 28:2-4, 23-25) wat nou met die okkulte verbind was (vgl. Deut. 32:17, NAB; “Dié wat aan hulle offer, [offer] aan bose geeste” [1 Kor. 10:20, NAB]). Verskeie aspekte van moderne hekserie toon treffende ooreenkomste met Ou Nabye Oosterse rituele, soos nie-bybelse bronne inderdaad bevestig. Selfs baie van die hedendaagse Nuwe Era-gebruike is bloot aanpassings van hierdie okkultiese gebruike van ouds. Jesaja beskryf die wanhoop wat spruit uit die raadpleging van bose geeste i.p.v. die Here (*Jes. 8:21, 22*). Dit pas besonder goed by Agas (vgl. 2 Kron. 28:22, 23). Jesaja praat van die Judeërs wat woedend word en hul koning vervloek (*hfst. 8:21*). Dit dien as ’n waarskuwing vir Agas, dat die mense hom sou vervloek omdat hy hulle in die okkulte laat beland het. Om die waarheid te sê, toe Agas uiteindelik te sterwe gekom het, het die volk nie die gebruikelike begrafnisrituele vir konings gevolg nie: “Hulle het hom nie in die begraaftplaas van die konings van Israel begrawe nie” (2 Kron. 28:27, NAB). Dit is hoe min respek hulle vir hom gehad het!

Wat sê die volgende skrifgedeeltes aangaande die okkulte? Lev. 20:27, Deut. 18:9-14.

Om afstand te doen van die okkulte is ’n loyaliteitsgebaar vir die Here. Eerste Kronieke 10:13 en 14 gaan oor koning Saul en toon hierdie beginsel in praktyk: “Saul is dood omdat hy ontrou aan die Here was. Hy het nie die Here se opdrag gehoorsaam nie, en het selfs leiding by iemand gaan soek wat geeste oproep. Hy het nie die Here geraadpleeg nie. Daarom het die Here hom doodgemaak en die koningskap aan Dawid seun van Isai gegee” (*NLV*).

Kyk ’n bietjie na jou eie lewe, veral na die invloede om jou. Op watter subtiële en indirekte maniere word jy blootgestel aan okkultiese beginsels, en aan die onderskeie uitdrukkings van spiritualisme? Soms duik dit onverwags en ongevraagd op. Hoe gemaak om sulke okkultiese invloede soveel as moontlik te beperk – in jou eie lewe en in dié van jou gesin?

Vir verdere studie:

Lees die gedeelte, “Can Our Dead Speak to Us?” in *The Great Controversy*, bl. 551-562. “In die dae van die Hebreërs was daar mense – net soos die spiritualiste van ons tyd – wat beweer het dat hulle met die dooies kon praat. Hierdie sogenaamde besoekers vanuit ander dimensies word [in die Engelssprekende Weste] ‘familiar spirits’ [oftewel ‘die geeste van afgestorwe geliefdes’] genoem. Die Bybel sê egter dat hulle ‘geeste van duiwels’ is (vgl. *Numeri 25:1-3; Psalm 106:28; 1 Korintiërs 10:20; Openbaring 16:14.*) Hierdie oproep en raadpleeg van afgestorwe geliefdes was egter ’n gruwel in die oë van God. Dit was so ’n ernstige saak dat oortreders destyds met die doodstraf afgeskrik is. Lees Levitikus 19:31 en hfst. 20:27. Deesdae word heksery as ’n verskynsel afgelag. Die idee dat mense met bese geeste kan praat, word as feeverhaaltjies uit die Donker Eeue gesien. Spiritualisme wat honderdduisende selfs miljoene volgelinge het en wat deesdae selfs die wetenskaplike gemeenskap binnegedring het en so ook die kerke, en wat ook aanvaarding by wetgewende instellings en selfs onder koninklikes geniet – is ’n reuse misleiding van die mensdom, en is bloot ’n herlewing van die heksery wat in Ou-Testamentiese tye verbode was en skerp veroordeel is. Dit is heksery in ’n splinternuwe baadjie” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 556).

Vrae vir bespreking:

- 1. Bespreek die spiritualisme-kwessie, meer spesifiek hoe dit in rolprente, boeke, TV-programme en in hoofstroomkultuur gebruik word. Dit lyk nie of ’n mens veel kan doen om dit op media-vlak te bestry nie. Hoe waarsku ’n mens egter ander daarteen, mense vir wie dit niks meer as onskuldige vermaak is nie? Hoekom is dit so belangrik dat ’n mens die toestand van die dode reg moet verstaan ten einde jou teen die lokvalle van die bese te beskerm?**
- 2. Lees Jesaja 8:20. Skryf dit in jou eie woorde neer. Laat verskillende mense hul weergawes tydens klastyd voorlees. Wat sê die Here vir ons hier?**
- 3. Bepeins die idee dat ’n mens die Here terselfdertyd liefhet én vrees. In watter opsig spruit ons liefde vir die Here uit ons vrees vir Hom? Of is dit net mooi andersom: dat ons vrees vir die Here uit ons liefde vir Hom spruit? Bespreek dit.**

Opsomming: Deur Jesaja se optrede asook deur sy gesin, en deur sy woorde, onderstreep die Here opnuut sy boodskap van waarskuwing en hoop wat Hy aan sy kinders wou deurgee. Wat was en is daardie boodskap? Dat vertroue op God die enigste veilige uitweg is, dat ’n mens moet glo dat Hy weet wat Hy doen. God het beide die liefde, die krag en die mag, om mense te lei, te beskerm en in hul behoeftes te voorsien; maar dat Hy dit slegs doen vir diegene wat Hom toelaat om dit te doen. Dié wat hulle egter tot ander magte wend, bewerk hul eie ondergang.